

## Saterdag 4 Mei

**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16 (vgl. NGB 27; HK 21)**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:4-6**

### **Die kerk: uitgeroepes, gelowiges uit alle eeue!**

By die rugbyraad besluit mense oor die reëls en wie die spanafrigter gaan wees. Is dit by die kerk ook so dat 'n groep mense byeenkom om ampsdraers te kies, 'n predikant te beroep en te besluit wat die reëls is en wie die afrigter is?

Nee!! Góð besluit Wie die Hoof en wat die reëls van die kerk is! Jesus Christus is die Hoof van die kerk. Hoekom?

- Hý het die kerkmense se sondes betaal; hulle is losgekoop; Satan en die dood is oorwin (vgl. HK 1). Hý is ons volkome *Verlosser* en ons enigste *Saligmaker* (vgl. HK 11).
- Hý is die Eersteling van mense wat uit die dood opgestaan het; Hý sit aan die regterhand van God vanwaar Hy vir die uitverkorenes intree (Ef. 4:10) en vanwaar die Vader die wêreldgeskiedenis ten goede vir sy kerk beheer (NGB 27). Van daar af stuur Hy sy Heilige Gees om in die uitverkorenes te woon.

Dominees is nie diensknegte van die kerkraad nie, maar van God. Want dis Jesus as Hoof van die kerk wat diensknegte soos apostels, profete, evangeliste, herders en leraars roep:

- om gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk;
- om die liggaam van Christus, die kerk, op te bou tot geloofseenheid;
- sodat gelowiges nie soos kindertjies is wat heen en weer geslinger word tussen 'n klomp dwaalleerstellings nie (Ef. 4:11-16).

Die kerk is 'n vergadering van gelowiges. Die Ou Testament lê klem op 'n eenheid rondom die verbond wat God met besnedenes gesluit het. Hulle glo vas dat God by sy beloftes rondom die komende Messias-Verlosser sál hou. Hulle dien Hom uit dankbaarheid vir verlossing en versorging. In die Nuwe Testament word die woord "ekklesia" gebruik. Dit dui op die groep mense wat deur die Here *uitgeroep* en *saamgeroep* is om uit te gaan vanuit die sondige mensdom deur "waardig die roeping waarmee julle geroep is" te lewe (Ef. 4:1).

Die Here het vóór die skepping mense uitgekies en hulle deur die eeue heen uit genade tot geloof gebring (vgl. Ef. 1; HK 21). "Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop ... een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor, deur en in julle almal is" (Ef. 4:4-6).

*Sing: Psalm 45-1:1, 9, 10*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*